**<u>1 Februarie 2026</u>**

**<u>Oggend diens</u>**

**<u>Sing:</u>** Ps. 107:1,3; Ps. 107:10; Skr. 33:1,3; Ps. 97:1,4; Ps. 146:1,2,4.

**<u>Lees:</u>** Eks 3:16-22

**<u>Teks:</u>** Eks 3: 16c

**<u>Tema:</u> Ons kan ons roeping uitleef te midde van teëstand want die Here bepaal die uitkoms**

***Die raad van die Here***

Wanneer ons aan die Here se roeping gehoorsaam is ervaar ons dikwels teëstand. Soms is die teëstand net geen reaksie nie, maar dikwels is openlike weerstand. Die gelowige moet in hierdie omstandighede steeds gehoorsaam aan die Here sy roeping uitleef. Die Here gee die opdrag aan Moses om die oudstes by mekaar te bring en aan hulle sy verlossingsplan mee te deel. Hy het ag gegee op hulle nood en Hy het besluit om hulle te verlos. Israel moet dus van die begin verstaan dat dit die Here is wat in hulle midde gaan werk.

***Die oordeel van die Here***

Israel sal die genade van die Here sien en beleef dat Hy hulle verlos, maar die Egiptenaars sal nie net toeskouers wees van die Here se werke nie. Hulle sal weerstand bied en dan sal die Here sy regverdige oordeel oor hulle bring. Die Farao se weerstand sal met die Here se sterk hand uit die weg geruim word en eindelik sal sy volk trek. Christus het na die verlore skape van die huis van Israel gekom maar hulle het ook weerstand teen sy roeping gebied. Eindelik oordeel die Here ook daarin regverdig

***Die genade van die Here***

Aan die een kant tref die Here Egipte met sy regverdige oordeel, maar ter selfde tyd is dit deur die hand van die Here wat Israel verlos word. Die wonder van die Here se verlossing vir Israel is dat hulle nie met leë hande sal trek nie. Die Egiptenaars sal die verbitterd wees as hulle trek nie, maar hulle sal met goud en silwer en klere vertrek. Die Here se genade is met ons wanneer ons in gehoorsaamheid aan sy woord volhard om ons roeping uit te leef.

**<u>Aand diens</u>**

**<u>Sing:</u>** Ps. 75:1,4,6; Ps. 81:1,10; Ps. 135:1,8.

**<u>Lees:</u>** Deut. 7:1-13, Son 34

**<u>Teks:</u>** Deut. 6:4, 7:6; Son 34.

**<u>Tema:</u> God eis dat Hy alleen gedien en vertrou moet word omdat Hy getrou is.**

***God is 'n enige Here***

Moses herhaal die wet van die Here voordat hierdie nuwe geslag die land in besit gaan neem. Hier speel die bepalings van die eerste gebod 'n baie belangrike rol. Israel moet hoor en weet dat die Here 'n enige Here is. Daar is geen ander God behalwe Hy nie. Die feit dat Hy die enige ware God is vorm die fondament waaruit al die ander gebooie en bepalings voortvloei. So het Hy hom van die begin van die skepping aan die mens en later aan sy verbondsvolk openbaar. Omdat Hy Homself so aan ons bekend gemaak het moet ons Hom alleen aanbid.

***Ons aanbid die enige Here***

In die verklaring wat die Kategismus aan die eerste gebod gee word dit duidelik dat die aanbidding van die Here alleen veel wyer strek as bloot net die gebed. Ons word geroep om die ware God in die eerste plek reg te leer ken, soos wat Hy Hom in sy Woord aan ons bekend gemaak het. verder moet ons ons aan Hom en sy wil onderwerp terwyl ons in alle afhanklikheid alleen op Hom vertrou. Die implikasie hiervan is duidelik dat ons hele lewe en al ons verwagtinge op die Here alleen gerig moet wees

***Ons vlug weg van die afgode.***

Om God alleen te aanbid het nou die implikasie dat ons van alle praktyke van afgodery moet wegvlug. Geen skepsel wat die mens vir homself uitdink mag in die plek van die enige ware god gestel word nie. vertroue moet ook nie in enige skepsel gestel word nie. Alle bygeloof en towery en waarsêery is werke van die duiwel self en hoort nie in die lewe van die gelowige kinders van die Here nie. Die afgode is dooie beelde en die versinsels van mense wat nie met die enige ware God gelykgestel kan word nie.